Bl. 1

Downloaded from Stanmorephysics.com

KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL
FINALE EKSAMENS - 2017
VRAESTEL 1 – EAT

GRAAD : 11
EKSAMINATRISE : P. SINGH
MODERATRISE : P. RAMJEE

TYD : 2 uur
DATUM : 9/ 11/17
PUNTE : 80

Hierdie Vraestel bestaan uit ......9... Bladsye .


Instruksies en Inligting :

1. Beantwoord AL die vrae .
2. Hierdie vraestel bestaan uit 3 Afdelings .
3. Afdeling A ; Begrips : Punte : 40
   Afdeling B ; Opsomming : Punte : 10
   Afdeling C ; Taal : Punte : 40
4. Lees en volg die instruksies by AL die vrae .
5. Nommer die antwoord presies soos die vrae genommer is .
6. Beplan jou tyd . Afdeling A : 45 min .
   Afdeling B : 20 min .
   Afdeling C : 40 min .
7. Skryf netjies en leesbaar .
8. Skryf jou onderwyser/ res se Voorletters op jou bladsy :
   SRP , PS . PR. SSU . AR . SRe .

## AFDELING A : BEGRIPS .
## VRAAG 1 : LEESBEGRIP

Lees die teks op die volgende bladsy en beantwoord die vrae wat volg :

### TOTSIENS ANNA, JY WAS 'N DAME



1 Die tyd het gekom om totsiens te sê aan 'n geliefde lid van ons huishouding. Ons liewe hond Anna, moet binnekort uitgesit word.

Blaai om vir bl. 2 ......

2 Dit kom nou al 'n paar maande. Dit het gelyk asof sy 'n abses in haar mond ontwikkel en ons is uiteindelik met haar veearts toe. Die veearts het gesê dat die ding eintlik kanker is wat teen 'n lelike spoed groei. Hy het ons verwys na 'n spesialis wat ons toe 'n paar opsies gegee het. Die eerste, afhangende van hoe ver die kanker versprei het, was om die vergroeisel en die tande daarom uit te sny. Die tweede was om die hele linkerkant van haar kakebeen te verwyder (om mee te begin). Die derde was om dit eenvoudig te los en haar dan van haar lyding te verlig wanneer dit te erg word.

3 Ons het besluit op die derde opsie omdat ons net nie kon sien hoe hierdie agt-jarige ou hond dit sou maak deur eers één operasie nie. So hier staan ons nou, naby aan totsiens sê en ek troos myself, dat al gaan ek haar vreeslik baie mis, het sy die beste lewe moontlik by ons gehad.

4 Anna het so agt jaar gelede by ons opgedaag. Ons het uitgeloop om die chaos in die tuin uit te sorteer (dit was maar 'n rowwe nag) en het die doodmoeg dingetjie in die tuin gekry waar sy verlore en halfgevrete boerewors-rolle uitgesnuffel het. Sy was nie eens bang vir ons nie, het eintlik vreeslik bly gelyk om net iemand te sien en het maklik van die melk en water gedrink wat ons haar gegee het.

5 Ons kon nie uitmaak waar sy vandaan gekom het nie. Sy blyk so 'n kruis te wees tussen 'n mastiff en 'n boerboel, vreeslik vriendelik en met 'n persoonlikheid wat vir niks skrik nie. Ons het aan die begin agtergekom dat sy selfs die gewoonte gehad het om haar besigheid buite die erf te gaan doen, of as jy met haar stap sal sy agter 'n bossie gaan wegkruip om dit te doen. 'n Regte dame.

6 So met die tyd het Anna my en Kobus se hond geword en sy het al hoe vetter word want Kobus maar 'n klein hartjie het wanneer dit by diere kom en hy het haar baie "snacks" gevoer. Toe Kobus by die huis begin werk het, het sy darem meer oefening begin kry, want hy het twee keer 'n dag met haar gaan stap net na hy haar gevoer het.

7 Ek dink wat ek die meeste van Anna sal mis, is die vriendelike manier wat sy jou met haar poot sal krap wanneer sy aandag wil hê. Of die manier wat sy soos 'n seekoei sal snork wanneer sy eers gemaklik lê en baie gelukkig is. Ek gaan mis hoe sy soos 'n ballerina trippel wanneer sy sien ons gaan nou stap en sy so opgewonde raak sy doen sommer sulke bokspringe. Ek gaan mis hoe sy soos 'n Putco bus al skeefboud voor 'n mens in die veld uithardloop.

8 Mooi loop Annatjie, jy was 'n hond duisend.

*[Verwerk uit Rapport (Alwill Wescott/blog), 12 Oktober 2012]*

Blaai Om vir bl. 3........

VRAE :

1.1 Watter woord (Par . 1 ) sê dat die hond net soos die ander mense in die gesin behandel word . (1)

1.2 Kies die korrekte Antwoord tussen hakies .

1.2.1 Die gebruik van die woord " uitgesit " (Par.1 ) is 'n voorbeeld van (paradoks / eufemisme ) (1)

1.2.2 Verduidelik wat beteken "uitgesit", binne konteks van die stuk . (1)

1.3 Haal 5 agtereenvolgende woorde wat sê dat die siekte baie vinnig versprei ? (1)

1.4 Sê hoekom die volgende stelling ONWAAR is ?
Die eienaars het besluit om die vergroeisel en die tande , uit te sny .
( ) Motiveer jou antwoord . (1)

1.5 Die eienaar sê " sy het die beste lewe moontlik by ons gehad ."

1.5.1 Is die stelling 'n FEIT of 'n MENING . (1)

1.5.2 Motiveer jou antwoord . (1)

1.6 Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek :
Kies die korrekte antwoord . Skryf net die korrekte letter langs jou antwoord .

1.6.1 Die gebruik van die woord " dingetjie " in plaas van " hondjie " (par. 4) skep 'n gevoel van …………
A. haat B. blydskap C. hongerte D. jammerte . (1)

1.7 Hoekom word Anna " 'n regte dame " genoem ? (1)

1.8 Verduidelik in jou eie woorde , " jy was 'n hond duisend " (1)

1.9 Waarmee word Anna vergelyk (par. 7 ) Skryf 2 dinge . (2)

1.10 Dink jy was die eienaars selfsugtig of onselfsugtig oor hulle besluit ? (Par. 3)(1)

1.10.1 Motiveer jou antwoord . (1)

1.11 Haal EEN woord aan wat beskryf watter soorte siekte Anna het . (1)

( ) 1.12 Kies die korrekte Antwoord . Skryf net die antwoord langs jou nommer .

1.12.1 " Totsiens Anna " , in die titel is (letterlik , figuurlik ) gebruik . (1)

1.12.2 Motiveer jou antwoord in jou eie woorde . (1)

1.13 Hoe sou jy hierdie verhouding tussen Anna en haar eienaars beskryf . (1)

1.14 Watter woorde in par .7 beklemtoon hoe lief hulle vir hierdie hond was ? (1)

1.15 Haal 'n sinsnede aan wat Anna se persoonlikheid beskryf . (1)

(20)

VRAAG 2 Teks 2 ADVERTENSIE .

Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg .

Blaai Om vir Bl. 4…..


Bl. 4

ADVERTENSIE

**NATALIE EN RYK GEBRUIK VITA-LIFT!**

# VITA - LIFT

*NATUURLIKE TONIKUM*





## SIT ENERGIE IN JOU DAG

**VOORDELE:**

Beskerm jou teen simptome van uitputting, bevat geen kafeïen, alkohol of kalorieë, veilig vir volwassenes en kinders

**IDEAAL VIR**

Verslankers, bejaardes, swanger vroue, borsvoedende moeders, sportentoesiaste, terminaal siekes, besigheidsmense.

Verkrygbaar slegs by apteke.

**VITA - LIFT**

tel jou op as jy wil gaan lê...

Vir meer besonderhede : *www.vitalift.com*

2.1 Voltooi deur slegs EEN woord in te vul :

2.1.1 Hierdie tonikum gee jou veral baie ..............die hele dag .

2.2 Haal EEN woord aan vir :

" mense wat gewig wil verloor . (1)

2.3 Waar sal jy gaan soek as jy meer inligting wil kry ? (1)

2.4 Hoekom is die prent links op die advertensie FUNKSIONEEL ? (1)

2.5 Vita – Lift is Kafeien Vry .

2.5.1 Sê hoekom hierdie stelling WAAR is , deur 3 agtereenvolgende woorde aan te haal . (1)

2.6 Die adverteerder het Natalie du Toit en Ryk Neethling (beroemde SA swemmers ) in hierdie advertensie gebruik .

2.6.1 Dit is 'n voorbeeld van : A. Manupilasie .

B. Stereotipering .

C. Intimiderend .

D. Feit (1)

2.7 Hoekom is Vita – Lift in groot ,donker letters geskryf ? (1)

2.8 Skryf die Slagspreuk (slogan) van die advertensie ? (1)

2.9 Mag ou mense hierdie tonikum gebruik ? sê Ja / Nee .

Haal slegs EEN woord aan om jou antwoord te motiveer . (1)

Blaai om vir bl. 5 .......

2.10. Kyk na die prent regs in die advertensie .
Wat sê die persoon se liggaamstaal ,oor sy gevoelens ? (1)

(10)

TOTAAL VIRBEGRIPS : 30

AFDELING B

VRAAG 3 OPSOMMING . Sien jy kans vir 'n tatoeëermerk .

- Som die hoofgedagtes van die stuk in 7 sinne op .
- Skryf elke hoofgedagte in 'n volsin neer .
- Skryf die sinne puntesgewys onder mekaar neer .
- Laat 'n reël tussen die sinne oop .
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie .
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Sien jy kans vir 'n tatoeëermerk?**

*Het jy al daaraan gedink om 'n tatoeëermerk te kry? Lees eers hier en besluit dan.*




1. Is jy bang vir naalde ? Die tatoeëerkunstenaar spuit die ink tot 14 naalde op 'n slag teen honderde kere per minuut onder jou vel in . Die naalde gaan omtrent 1mm diep onder jou vel in .

2. Party mense sê dit voel soos 'n harde knyp as die naalde onder jou vel insteek. Ander mense se dit voel soos honderde bysteke of soos 'n boor wat deur jou vel gaan . Almal stem saam dat dit seer is om 'n tatoeëermerk te kry .

3. Die meeste mense verkies hul tatoeëermerke op die laerug en die enkels , maar dit is minder seer op jou bors of bo – arm . Daar is meer weefsel tussen die vel en die been . Die plek waar jy jou prentjie wil hê, bepaal dus hoe seer dit gaan wees om die tatoeëermerke aan te bring .

4. Jy moet seker maak dat jy na 'n professionele tatoeëerkunstenaar toe gaan . Jy sal weet die persoon is professioneel as die salon skoon is en hy /sy alle naalde voor jou oopmaak .

5. Moenie bang wees om vrae te vra oor die versorging van jou nuwe tatoeëermerke nie . Jy mag byvoorbeeld nie dadelik bad of swem nie .

6. Jy moet weet dat daar komplikasies kan intree en wat jy in sulke gevalle moet doen . 'n Voorbeeld van komplikasies is as jou vel om die tatoeëermerk septies raak .


7. En onthou : wat op 18 hiper – cool is , gaan op 50 verkeerd lyk !Dit kos duurder om die tatoeëermerk te verwyder as om dit te laat teken. Wees dus seker dat jy die tatoeëermerk wil hê voordat jy dit laat doen.

Blaai om vir bl. 6 ......

Verwerk uit : Jip , 21 Januarie 2010 .
Totaal : 10

AFDELING C TAALSTUDIE .

Vraag 4 Bestudeer die prent onder en beantwoord die vrae wat daarop gebasseer is . Skryf net die nommer en die korrekte antwoord neer .



[Uit: *Die Burger*, 19 Februarie 2008]

4.1 Gee die ANTONIEM van die Onderstreepte Woord .
4.1.1 'n Groot geluk het die Smit gesin getref . (1)
4.2 Kies die korrekte VOORSETSEL :
4.2.1 Die tent en die woonwa het ( op, aan, in ) die brand geraak . (1)
4.3 Gee die MEERVOUD van die Onderstreepte Woord .
4.3.1 Dit het geklink asof twee bom ontplof het . (1)
4.4 Skryf die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte Woord .
4.4.1 Vinnig het die mense by die toneel saamgedrom.(1)
4.5 Skryf die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies .
4.5.1 Hoe (sterk ) die wind gewaai het , hoe moeiliker was dit . (1)
4.6 Skryf die VERKLEINSVORM van die onderstreepte woord .
4.6.1 Die venster is oop . (1)
4.7 Voltooi die deur die korrekte VOORNAAMWOORD in te vul .
4.7.1 Meneer Smith het ook .............hand verbrand . (1)
4.8 Skryf die korrekte DEELWOORD tussen hakies :
4.8.1 Die (skreeu) mense harrdloop na die woonwa toe . (1)
4.9 Skryf die AFKORTING van die woord tussen hakies voluit :
4.9.1 So 'n insident gebeur dikwels in (SA) (1)
4.10 Skryf die VOORWERP in die volgende sin .
4.10.1 Die Smit gesin bly in hulle woonwa in die vakansietyd . (1)

Blaai om vir bl. 7 .......

4.11 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies :
4.11.1 Die vrou skree (Eina ! Hoera! Sies Tog ! ) kyk na die arme pa en kind . (1)
4.12 Skryf EEN woord vir die woord tussen hakies .
4.12.1 'n (lewe + gevaarlike ) brand het uitgebreek.(1)
4.13 Skryf die KORREKTE WOORD tussen hakies .
4.13.1 Die (roekeloos ) gesin stel almal in gevaar . (1)
4.14 Kies die KORREKTE HOMOFOON tussen hakies .
4.14.1 Die pa en seun (lei , ly , lui ) aan brandwonde . (1)
(14)

VRAAG 5 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat daarop gebasseer is . Voer die instruksies by elke vraag uit .




5.1 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD : (1)
5.1.1 Die baas beantwoord dadelik die telefoon om 'n afspraak te maak .
5.2 Verbind die volgende 2 sinne met OMDAT . (1)
5.2.1 Die man maak 'n afspraak . Hy wil die prokureur spreek .
5.3 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM .(1)
5.3.1 Hulle praat nog oor die telefoon . (1)
5.4 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM :
5.4.1 Die dame het gou –gou die telefoon in die kantoor beantwoord . (1)
5.5 Begin die volgende sin soos aangedui :
5.5.1 Hy moet nou met sy kliеёnt praat .
Hy behoort .......... (1)
5.6 Skryf die volgende sin oor in die BEDRYWENDE VORM .
5.6.1 Die oproepe word deur die sekretaresse geneem . (1)
5.7 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD . (1)

Blaai om vir bl. 8......

5.7.1 Die man trek sy pak vir 'n vergadering aan .
5.8 Stel 'n vraag waar die onderstreepte woorde die antwoord is :
5.8.1 Die man praat oor die telefoon . (1)
5.9 Skryf die volgende sin in die KORREKTE VOLGORDE . (1)
5.9.1 Hulle gaan ( om die sake te spreek , na die vergadering toe , in die more , vroeg )
5.10 Verander die onderstaande STELSIN na 'n VRAAGSIN . (1)
5.10.1 Die prokureur wil dadelik met die baas spreek .
5.11 Skryf die volgende sin in die Indirekte Rede : (1)
5.11.1 Die dame sê : " Ek is doodbesig met oproepe ."
5.12 Begin met Onderstreepte Woorde . (1)
5.12.1 Die prokureur het onmiddelik 'n afspraak met sy kliënt gemaak .
(12)

VRAAG 6 STROKIESPRENT .
Bestudeer die prent en beantwoord die vrae wat volg :




6.1. Kies die Korrekte Antwoorde tussen hakies :
6.1.1 Chantelle is die Smittie se ( buurvrou , niggie , dogter ) (1)
6.1.2 Chantelle se houding teenoor swangerskap is (positief , negatief )(1)
6.2 Skryf EEN woord vir die woorde tussen hakies :
6.2.1 Sy is (nie baie geduldig nie .) (1)
6.3 Voltooi met die korrekte VERGELYKING in te vul :
6.3.1 Die seun is so honger soos 'n .......... en eet sy kos baie gou . (1)
6.4 Gee EEN WOORD vir die woord tussen hakies :
6.4.1 Die bordjies (uit + wat ) hulle eet, is klein (1)
6.5 Skryf EEN woord vir die woord tussen hakies . (1)
6.5.1 Hulle sit gewoonlik (in die aand ) en geniet hulle maal .
6.6 Kyk na Mev. Smittie se gesigsuitdrukking in Rampie 1 .

Blaai Om vir bl. 9 .....

6.6.1 Skryf EEN woord om haar gesig te beskryf. (1)

6.7 Skryf die volgende sin in die Direkte Rede :


6.7.1 Chantelle van langsaan sê dat sy nie eendag kinders wil hê nie .(1)

6.8 Hoekom is " NEGE " in rampie 3 in hoofletters geskryf.

(9)

VRAAG 7

7.0 Die taalvrae wat volg is op die prent ADVERTENSIES gebasser.




7.0 Kies uit die lys om die paragraaf te voltooi :

| |
|---|
| wie , verkies , adverteerder , wat , kies ,sommige , besluit , help , hulp ,beslis , adverteer , soms . |

Ek geniet advertensies . .....7.1..... van hulle is nogal snaaks . Dikwels ....7.2...... hulle 'n mens wanneer jy moet ....7.3...... wat jy gaan koop . Ek .......7.4.... advertensies .....7.5..... 'n mens laat lag bo vervelende advertensies. Sommige advertensies maak jou soms lus om onnodige goed te koop . Die ......7.6...... hoop daarvoor . 'n Mens moet dus oplettend wees en koop net wat jy wil .

(6)

TOTAAL VIR TAAL : 40

GROOTOTAAL : 80

ALLES VAN DIE BESTE .

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY

# Verwagte Antwoorde. Graad 11 Punte: 80 Vraestel 1

## Begrips: Vraag 1

1.1 "huishouding" ✓1
1.2.1. eufemisme ✓1
1.2.2. om haar lewe te eindig ✓1
1.3. "teen 'n elike spoed gegroei" ✓1
1.4. Hulle kon nie sien hoe Anna dit sou maak deur eers een operasie nie dus het hulle haar lewe geëindig. ✓1
1.5.1. 'n Mening ✓1 1.5.2. Dis is hoe hulle gevoel het ✓1
1.6. D-jammerte ✓1
1.7. Sy sal agter 'n bossie wegkruip as sy haar besigheid wil doen. ✓1
1.8. Sy sal nie maklik 'n hond soos Anna kry/vind nie./ Sy was nie soos al die ander honde nie. ✓1
1.9. 'n Putco bus ✓/ seekoeie ✓/ ballerina ✓ (enige 2)
1.10. ✓1 Eie Respons. Kan albei wees - Daar moet 'n motivering
1.10.1. ✓1 wees om volle 2 punt te kry.
1.11. Kanker ✓1
1.12.1. letterlik ✓1
1.12.2. Hulle sê totsiens want sy word uitgesit / Anna gaan nêrens nie / sal nie meer in die wêreld wees nie ✓1
1.13. 'n goeie een / Die eienaars was baie lief vir haar ✓1
1.14. Ek gaan mis / van Anna sal mis ✓1
1.15. Vreeslik vriendelik / 'n persoonlikheid wat vir niks skrik nie. ✓1

(20)

## Vraag 2 Advertensie

2.1.1. Energie ✓1
2.2. 'Verslankes' ✓1
2.3. www. vitalift . com ✓1
2.4. Die tonnikum / Vita-lift kry 'n eerste prys - dit sê vir jou dat dit die beste is / nommer een is. ✓1

2.5.1. bevat geen kafeïen ✓1

2.6. A ✓1

2.7. Om die woorde te beklemtoon
Om aandag te skep } ✓1

2.8. " tel jou op as jy wil gaan lê...... " ✓1

2.9. Ja. bejaardes ✓1

2.10. opgewonde / doodbly ('hy spring op / hande en voete is in die lug)

(10)

Afdeling B Vraag 2 Opsomming.

1. 14 naalde met ink gaan een minuut op 'n slag diep onder jou vel in
2. Dit is seer om 'n tatoeëermerk te kry.
3. Waar jy 'n tatoeëermerk wil hê, bepaal hoe seer dit gaan wees
4. Maak seker dat jy na 'n professionele tatoeëerkunstenaar gaan.
5. ~~Vra~~ Vrae oor die versorging van jou tatoeëermerk.
6. Weet dat daar komplikasies kan wees.
7. Maak seker dat jy 'n tatoeëermerk wil hê.

(66 woorde)

(10)

Afdeling C Taal.

4.1.1. ongeluk / ramp ✓1

4.2.1. aan ✓1

4.3.1. bomme ✓1

4.4.1. blitsvinnig ✓1

4.5.1. sterker ✗

4.6.1. venstertjie ✓1

4.7.1. Sy ✓1

4.8.1. skreeuende ✓1

4.9.1. Suid-Afrika ✓1

4.10.1. hulle woonwa ✓1

4.11.1 Sies tog! ✓1

4.12.1. lewensgevaarlik ✓1

4.13.1. roekelose ✓1

4.14.1. ly ✓1

(14)

Vraag 5

5.1.1. Die baas het dadelik die telefoon beantwoord om 'n afspraak te maak ✓1

5.2.1. ......... Omdat hy die prokureur wil spreek. ✓

5.3.1. Hulle praat nie meer oor die telefoon nie ✓1

5.4.1. Die telefoon is gou-gou deur die dame in die kantoor beantwoord ✓1

5.5.1. Hy behoort nou met sy klieënt te praat.

5.6.1. Die sekretaresse neem die oproepe. ✓1

5.7.1. Die man sal sy pak vir 'n vergadering aantrek. ✓1 → (moet een woord wees)

5.8.1. Waaroor praat die man? ✓1

5.9.1. Hulle gaan vroeg in die more na die vergadering toe om die sake te spreek. ✓1

5.10.1. Wil die prokureur dadelik met die baas spreek ✓1

5.11.1. Die dame sê dat sy doodbesig met oproepe is ✓1

5.12.1. Onmiddellik het die prokureur 'n afspraak met sy klieënt gemaak ✓1

(12)

Vraag 6

6.1.1. buurvrou ✓1

6.1.2. negatief ✓1

6.2.1. ongeduldig ✓1

6.3.1. wolf ✓1

6.4.1. waaruit ✓1

6.5.1. Saans ✓1

6.6.1. geskok/verbaas ✓1

6.7.1. Chantelle van langsaan sê: "Ek wil nie eendag kinders hê nie." ✓1

6.8. Om dit te beklemtoon. ✓1 / Om te beklemtoon hoe lank dit is. ✓1

(9)

Vraag 7

7.1. sommige ✓1

7.2. help ✓1

7.3. besluit ✓1

7.4. verkies ✓1

7.5. wat ✓1

7.6. adverteerder ✓1

(6)

Tot: 40